VBO-WINTERWEEK 2015 – "JUBEL EN HOOP"

22 – 24 JUNIE 2015 | UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT, BLOEMFONTEIN

HIERDIE JAAR SE VBO-WINTERWEEK SLUIT AAN BY DIE 150 JAAR FEESVIERINGE VAN DIE VRYSTAATSE SINODE. HIERONDER IS 'N UITTREKSEL UIT 'N DOKUMENT WAT DIE TEMAS, SPREKERS EN DIE BEPLANNING VAN DIE PROGRAM HELP BEPAAL HET:

Daar is ses groot uitdagings vir vandag geïdentifiseer wat hierdie jaar se sprekers gaan aanbied:

- ◊ Geestelike verdieping en teologiese visioenering, wat by die leierskap van die NG Kerk in die Vrystaat (Sinodaal en gemeentelik) begin en deurwerk na elke lidmaat. **(Jan Lubbe)**
- ◊ Die enorme omvang van 'n veranderde sosio-ekonomiese werklikheid waarin ons in die Vrystaat leef, meegebring deur groot demografiese skuiwe, die politieke omwenteling van 1994 en daarná, gebrekkige skool- en naskoolse onderwys en opleiding, en wêreldwye ekonomiese tendense wat onder andere by ons uitspeel in groter verarming, 'n ontstellend-groeiende gaping tussen ryk en arm, werksverlies en werkloosheid, arbeidsonrus en sosiale onstabiliteit, misdaad en korrupsie. **(Lochner Marais)**
- ◊ In hierdie verband kan ons ons oë nie sluit vir die ekonomiese van ekologie nie: ons leef in 'n provinsie waarin die hulpbronne van grond, water minerale en ander lewensmiddele al meer onder druk kom. **(Nadia Marais)**
- ◊ Ons leef in 'n wêreld waarin 'n digitale kultuur al meer ons werklikheid en ons belewenis daarvan, vorm. Hierin gaan die jonger generasies ons voor, en is dit nodig om te luister en te leer hoe daardie wêreld vir hulle lyk en werk; 'n wêreld wat inderdaad 'n "global village" geword het en waar inligting teen 'n verbysterende tempo groei, wat egter nie altyd goeie inligting beteken nie. **(Jan Albert van den Berg)**
- ◊ In só 'n wêreld soos hierbo raakgesien, vól diversiteit en spanninge, is die sigbaarmaking die eenheid van die kerk, versoening in Christus met God en mekaar, en die doen van geregtigheid 'n roeping wat ons nie mag versaak nie. **(Fanie Snyman)**
- ◊ Sou die Kerk hierdie uitdagings wil aanpak om werklik die hoop wat in ons harte leef in hierdie konteks te bedien, sal ons by onsself moet begin. Daarom is kerklike transformasie noodsaaklik.(Quo Vidas)." **(Leon Wessels)**

Plek: Nuwe Opvoedkundige Auditorium, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein | **Begintye:** Maandag 14:00; Dinsdag 09:00; Woensdag 09:00 | **Verblyf:** Indien u gratis by lidmate in Bloemfontein wil tuisgaan, wat kamers hiervoor aanbied, skakel asseblief vir Joanie by 051 406 6732 (k) | **Registrasie:** SMS D16616 en u naam na 31029 | **VBO-Punte:** 30 | **Koste:** R680.00 pp wat die konferensie, etes en materiaal insluit | **Betaling:** NG Kerk OVS, ABSA tjek 470 000 406; Takkode: 334-134 **Verwysing:** VBO/naam +van **(NB! Faks bewys van betaling na 086 502 0818)**

Tel: 051- 401 3995 | Epos: shepherd@ufs.ac.za

Like ons op Facebook: *Shepherd Centre UFS*
NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.

UFSUV | UFSweb | UFSweb

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

UFS UV